

ALGEMEEN

Regering verklaar oorlog teen waterlekkasies

Chris Bathembu

Cynthia Ncapayi van Port Elizabeth, Oos-Kaap, was geskok toe sy 'n waterrekening van meer as R70 000 kry. Ncapayi is 'n enkelma wat minder as R200 000 per jaar verdien. Sy het geweet dis onmoontlik dat haar waterverbruik so hoog kon wees, want sy het nie eens 'n geiser, stort of bad nie.

By nadere ondersoek is bevind dat Ncapayi die slagoffer van waterlekkasies was, wat 'n groot probleem in baie Suid-Afrikaanse townships geword het. Baie van haar bure het die afgelope maande hoë waterrekening gekry, wat te wyte is aan lekkende waterpype en gebreke krane.

Elke jaar verloor Suid-Afrika sowat R7 miljard weens waterlekkasies, wat die land se ekonomie benadeel. Dit is water wat miljoene huishoudings, wat nie toegang tot basiese dienste soos water en sanitasie het nie, kon gebruik het.

Maar 'n nuwe waterbesparingsprogram is deur die Kabinet goedgekeur en sal na verwagting die land miljoene liter water bespaar. President Jacob Zuma het onlangs in Port Elizabeth die Oorlog teen Lekkassies-program bekend gestel. Dit behels dat 15 000 ambagsmanne, wateragente en loodgieters lekkende krane en pype in hul onderskeie gemeenskappe sal herstel en vorm deel van die bevordering van waterbewaring.

Die program sal na verwagting oor vyf jaar strek en 15 000 werklose jongmense sal in drie vakgebiede opgelei word, naamlik as wateragente, ambagsmanne en loodgieters. Dit sal verseker dat Suid-Afrika se water- en sanitasiesektore genoeg vaardighede en kapasiteit sal hê om waterverliese in die land tot 'n minimum te beperk.

Die Minister van Water en Sanitasie, Nomvula Mokonyane, het Rand Water aangestel om die Oorlog teen Lekkassies-projek te bestuur.

"Tydens sy staatsrede het die President sy kommer uitgespreek oor die meer as R7 miljard se water wat jaarliks in die land verlore gaan weens verouderde infrastruktuur wat lekkende krane meebring. Daar is ook water wat verlore gaan waarvan ons nie weet nie. Hy het 'n beroep op die departement gedoen om met ingrypings vorendag te kom," sê Minister Mokonyane.

"Die Oorlog teen Lekkassies-program sal nie net ons water bespaar nie, maar sal vol-



President Jacob Zuma, hier saam met die Minister van Waterwese en Sanitasie, Nomvula Mokonyane, het 'n waterbesparingsprogram bekend gestel wat ook opleidingsgeleenthede vir duisende jeugdige sal skep.

houbare werkgeleenthede aan duisende jong Suid-Afrikaners bied wat opgelei sal word as ambagsmanne, loodgieters en waterbrigades. Hulle sal dan by geïdentifiseerde munisipaliteite werk," sê sy.

Die opleiding sal in fases gedoen word. Fase een sal na verwagting sowat 3 000 jongmense oplei, fase twee 5 000 jongmense en 7 000 kandidate in fase drie. Dit word vir die 2017/18 finansiële jaar beplan.

Tydens 'n toespraak in Port Elizabeth, waar die program amptelik bekend gestel is, het president Zuma gesê die waterbrigades sal herstelwerk, herbou en vervanging doen. Hulle sal in munisipaliteite regoor die land bedrywig wees.

"Ons belangrikste boodskap is dat ons water moet bespaar. Water is nie 'n onbeperkte hulpbron nie. As ons dit nie bewaar nie, sal ons dit verloor. Ons sien almal van tyd tot tyd

hoe water oor die strate vloei en hoe krane en pype in ons huise weens lekkasies drup.

"Hierdie verliese kom ook in verskeie vorme voor soos ondergrondse infrastruktuur, foutiewe en swak instandhouding en verouderde infrastruktuur," sê die President.

Munisipaliteite is reeds besig met groot projekte om infrastruktuur te herstel, veral lekkende pype. Die Oorlog teen Lekkassies-projek sal die Departement van Water en Sanitasie en munisipaliteite bystaan met die herstel van stukke pype en ander infrastruktuur, sê hy.

Die Regering het meer as R680 miljoen vir dié doel in die huidige finansiële jaar opgesit.

Minister Mokonyane sê 27 distriksmunisipaliteite in die land is in 'n swak toestand wat hul waterkapasiteit betref.

"In samewerking met waterrade, gaan ons jongmense oplei, hulle akkrediasie deur die

SETAs gee en hulle by verskillende waterrade betrek, wat ons met kapasiteit sal help," sê sy.

Sy sê voorts verskeie jongmense sal ook in distriksmunisipaliteite geplaas word waar ingrypings nodig is.

Die burgemeester van Nelson Mandelabaai, Danny Jordaan, sê die Nelson Mandela Metro, wat die munisipaliteite van Port Elizabeth, Uitenhage en Despatch insluit, is 'n waterskaarsstreek.

"Ons het 'n baie groot uitdaging, daarom het ons besluit om meer in water as 'n belangrike hulpbron vir die metro te belê. Ons is baie bly dat die President hier is om hierdie oorlog te begin," sê Jordaan.

"Ons moet waterlekkasies in ons metro pak. Die baie hoë rekeninge wat mense vir water betaal, is nie die gevolg van hul waterverbruik nie, maar die onvermoë van die munisipaliteit om waterlekkasies te herstel," sê hy.

BESPAAR WATER: DIT BEGIN BY JOU

Die Staat verloor jaarliks miljarde rand weens waterlekkasies en hoewel 'n program bekend gestel is om die probleem te pak, is dit ons plig om elke druppel water te bespaar.

Waterbesparing is belangrik vir die omgewing. Dit help die land om watertekorte die hoof te bied en bespaar geld. *Vuk'uzenzele* bied 'n paar nuttige wenke oor hoe om water te bespaar.

MANIERE OM WATER BY DIE HUIS TE BESPAAR:

- Draai die kraan toe terwyl jy jou gesig was, tande borsel of skeer.



- As jy verkies om te bad, moet jy nie die bad vol tap nie.

- 'n Bad neem tussen 80 en 150 liter water per bad.
- Moenie ketels heeltemal volmaak nie, gebruik net genoeg vir jou behoeftes. Dit sal ook jou elektrisiteitsrekening verminder.
- Moenie houers soos kastrolle oorvol maak nie, aangesien dit meer energie gebruik om die water te verhit.



- Herstel 'n lekkende toilet, anders kan dit tot 100 000 liter water in een jaar vermors.
- Moenie die toilet onnodig spoel nie. Gooi sneesdoekies, insekte en ander afval eerder in die asblik as die toilet. Elke keer as jy die toilet spoel, gebruik dit 12 liter water.
- Gebruik sogenaamde grys water – water

uit die bad, wasmasjien en ander veilige bronne – om jou toilet te spoel.


- Gebruik 'n emmer eerder as 'n tuinslang om jou motor te was. As jy 'n tuinslang moet gebruik, gebruik 'n spuit wat jy kan toedraai wanneer jy nie die motor



- natspuit nie.
- Boere moet seker maak dat hulle giftige insekdoders weghou van waterbronne en strome.
- Moenie die rivier of rivieroewer as 'n toilet gebruik nie.
- **As jy iemand sien wat water besoedel, skakel die Blou Skerpione by 0800 200 200.**

MANIERE OM WATER IN DIE TUIN TE BESPAAR:

- Maak altyd jou plante in die vroeë oggendure of saans nat, wanneer dit koeler is. Tussen 10:00 en 15:00 kan 'n mens tot 90% van die water weens verdamping verloor.
- As jy 'n eier kook, gebruik die afgekoelde water om jou huisplante nat te maak. Hulle sal baat by die voedingsstowwe van die eierdop.
- Maak tuine minder gereeld nat, maar maak dit goed nat. 'n Tuinslang kan soveel as 30 liter water per minuut gebruik.
- Dakwater kan ook maklik in tenks opgegaan word om tuine nat te maak.



Bron: Waterwese

ALGEMEEN

Thandeka Ngobese

Harde werk werp vrugte af

Angelina Masuku, 41, van KwaHlabisa, in die noorde van KwaZulu-Natal, is 'n sprekende voorbeeld dat harde werk en toewyding die belangrikste is om drome te bewaarheid.

Sonder enige formele opleiding gebruik Masuku die vaardigheid wat sy as 'n jong meisie geleer het om wasgoedmandjies, stoele, muurbehangsels, juweliersware bokse, tafels en mandjies te weef. Die produkte word uitgevoer na Atlanta in die VSA en selfs na Disneyland.

Sy lei ook werklose vroue en jeugdige sodat hulle na hul gesinne kan omsien.

Masuku sê haar pa is oorlede toe sy in graad 10 was. Haar ma kon nie bekostig om haar op skool te hou nie en sy moes die skool verlaat. Sy het by haar tante gebly, wat haar geleer het hoe om mandjies van bamboes te maak. Min het sy geweet dat haar produkte eendag wêreldwyd in aanvraag sou wees.

"Ek het ook my vier jonger sussies en my kinders geleer wat ek by my tante geleer het. Ons het vlegwerk aan 'n kunsvlytmaatskappy, Ilala, op Hluhluwe, verskaf. In 2006 het ek die Sentrum vir Afrikakuns in Durban genader. Hulle was beïndruk met ons werk en ons het daarna ook begin om vlegwerk aan hulle te verskaf. Die Sentrum vir Afrikakuns het hul deure vir my oopgemaak en my gehelp om vir 'n kompetisie wat deur die Kunsvlytraad aangebied word, in te skryf. Ek het die eerste en tweede prys gewen en met R50 000 weggestap," sê sy.

Hierna het ander deure vir haar oopgegaan en sy het begin om uitnodigings van Duitsland, Italië en ander lande te kry om haar werk ten toon te stel. In 2008 het sy die Kleinsake-ontwikkelingsagentskap genader om haar te help om 'n maatskappy te stig. Sy verskaf nou meer as 200 mandjies per maand aan die Suid-Afrikaanse Leefstylsentrum in Atlanta en Disneyland.

Die Adjunkminister van Kleinsake-ontwikkeling, Elizabeth Thabethe, het in 2013 amptelik 'n permanente Suid-Afrikaanse vertoonlokaal in Atlanta geopen. Die doel



Angelina Masuku (voor) met haar span wat haar help om die Disneyland-transaksie uit te voer.



Angelina Masuku met een van haar produkte.

was om plaaslik-vervaardigde produkte te bevorder en toegang tot markte vir onbekende kunstenaars en opkomende entrepreneurs te bewerkstellig. Die vennootskap met die Departement van Kuns en Kultuur, onder rentmeesterskap van Adjunkminister Rejoice Mabudafhasi, het gelei tot omvattende ondersteuning vir plaaslike handwerkers om internasionale markte te betree.

Masuku sê in Atlanta word bestellings in 'n katalogus na belangstellende kliënte gestuur en sy het nou 25 vroue wat haar hiermee help.

"Sodra ek betaal word, betaal ek hulle vir die mandjies wat hulle verskaf het. Ek werk tans aan 'n transaksie in die Verenigde Koninkryk. Ek gaan nog hande nodig hê om my te help om bestellings betyds te lewer," sê sy.

Masuku sê sy maak mandjies van bamboes, wat sy met natuurlike produkte verf.

"Ek glo dat omdat ons ons produkte so natuurlik as moontlik maak, ons meer kliënte kry," sê sy.

Masuku se raad aan ander entrepreneurs is eenvoudig:

"Moenie bang wees om 'n onderneming te begin nie. Opvoeding behoort nie 'n struikelblok te wees nie. Ek het geen formele opleiding nie, maar ek kan oorsee gaan en sake-transaksies beding. Moenie bang wees om vir raad te vra nie, dit sal jou bemagtig," sê sy.

Masuku sê mense wat belangstel om te leer hoe om mandjies te vleg kan vir haar 'n e-pos stuur na: angelina.masuku@gmail.com of 072 109 9329 skakel.

Jeug vind energiebesparende oplossing

Noluthando Mkhize

Al meer jeugdige in Suid-Afrika vind deesdae oplossings vir die maatskaplike ewels waarmee hulle elke dag te kampe het.

Luthando Msomi, 23, van Umlazi in Durban, KwaZulu-Natal, is 'n goeie voorbeeld hiervan. Msomi het met die idee van 'n draagbare stoof vorendag gekom, as alternatief tot die oop vuurstelsel, en geen gas of elektrisiteit gebruik nie.

Die stoof gebruik net vuurmaakhout om die kookvlam aan die gang te hou en verseker dat dit veilig is.

"Ek het besef dat mense in informele nedersettings die oopvuurstelsel gebruik, wat gevaarlik is. In die winter is daar gereeld gevalle van plakkershutte wat afbrand, wat soms deur die oopvuurstelsel veroorsaak word."

"Ek was op soek na 'n oplossing vir 'n probleem eie aan Afrika. Ek het gedink ek kan dalk 'n stoof ontwerp. Dit is hoe die idee gebore is."

Met die energie-uitdagings waaronder Suid-Afrika tans gebuk gaan, sê Msomi dit hang van alle Suid-Afrikane af, veral die jeug, om oplossings te vind.

Haar draagbare stoof is ideaal tydens beurtkrag.

Die stoof is 'n aanpassing van 'n bestaande konsep, maar verskil in die opsig dat dit nie gas gebruik nie.

"Ander soortgelyke stoffies is van hoë tegnologie. Ek wou 'n eenvoudiger konsep ondersoek wat vir Suid-Afrikane sal werk."

Die idee vir die uitvinding het in 2013 ontstaan, deur Msomi se onderneming Iziko Enterprises.

"Die stofie bestaan uit 'n vyfliterverfblik met 'n staalhouer wat daaraan vagesweis is. Ons sit dan hout in die verfblik en steek die vuur aan. Die vuur en die rook styg boontoe, wat dit



Luthando Msomi met haar draagbare kookware.

veiliger maak omdat die vuur in die blik bly. Die kastrol pas dan bo-op die blik."

Msomi, 'n kommunikasie-beampte aan die Universiteit van KwaZulu-Natal (UKZN) se afdeling vir korporatiewe betrekkinge en 'n voormalige student aan die instelling, sê sy het baie hulp van departemente binne die universiteit ontvang om die stofie te ontwerp.

"Ek het met studente van die ingenieurswese en ander departemente van UKZN gepraat wat gehelp het om die stofie in 'n werklike produk te ontwikkel."

Nadat die stofie ontwikkel is, het Msomi begin om dit teen R120 elk te verkoop.

"Dit is in die vroeë stadiums van ontwikkeling

gedoen. Ek wou die mark toets om te sien of mense dit sou koop. Dit is baie goed ontvang. Ons het ook met kettingwinkels gaan praat om te kyk of hulle ons produk op hul rakke sou sit en hulle het ook positiewe terugvoer gegee."

Msomi is ook die wenner van Ithala Bank se 2014/15 Inkunzi Isematholeni Jeug in die Sakewêreld-kompetisie. Ithala Bank behoort aan die provinsiale regering.

Ek was geskok dat ek die kompetisie gewen het. Toe ek met die onderneming begin het, het ek nooit om wins gefokus nie. Dit was oor die feit dat ons 'n probleem raakgesien het en 'n manier gevind het om dit op te los. Op die oomblik leer ek oor winsgewendheid, wat nogal opwindend is."

Sy sê sy ontwikkel steeds die stofie om te kyk of dit enige gesondheidsgevaare inhou en probeer om dit deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaard goedgekeur te kry.

Thuli Galelekile, Streeksbestuurder van Kommunikasie en Bemarking by Ithala Bank, sê Msomi gaan bygestaan word deur 'n lewensvatbaarheidstudie, ontwikkeling van 'n sakeplan en befondsing van die idee.

"Die Inkunzi Isematholeni Jeug in die Sakewêreld-kompetisie is 'n inisiatief wat na ons mening entrepreneurskap onder jongmense 'n hupstoot sal gee. Die projek het begin om innoverende sakeoplossings onder werklose jeug te pak wat betref sy fokus op nuwe konsepte in groen ekonomieë."

Msomi sê haar planne vir die toekoms sluit in dat sy voltydse maatskaplike en winsgewende entrepreneurskap wil probeer.

"Op die oomblik probeer ek om kapitaal bymekaar te maak en 'n sakementor te vind. Energiebesparing staan voorop in Suid-Afrika. Dit is belangrik om energie te bespaar en oplossings vir energie-opwekking in groen ekonomieë te vind," sê sy.

Veiligheid eerste

Terwyl die land alternatiewe soek vir kook en verhitting om energie te bespaar, bied Vuk'uzenzele wenke om jou veilig te hou wanneer jy paraffien en/of gas gebruik.

Wanneer jy paraffien gebruik:

- Hanteer paraffien altyd versigtig, want dit is giftig en kan jou vel brand, selfs al is dit nie aangesteek nie.
- Moet nooit 'n paraffientoestel sonder toesig laat nie. 'n Rukwind, troeteldier of kind kan binne sekondes die toestel laat omval.
- Maak seker paraffientoestelle staan op 'n plat, stewige oppervlak.
- Moenie 'n lap onder 'n paraffientoestel plaas nie. 'n Kind of troeteldier kan die punt van die lap trek en dit sodoende aan die brand laat steek.
- Hou altyd 'n emmer met sand byderhand wanneer jy 'n paraffientoestel gebruik. Water sal nie 'n paraffienvuur blus nie en kan selfs die brand vererger.

Hoe om gas veilig te hanteer:



Bron: www.total.co.za